SAOU 30
MPUMALANGA
NUUSBRIEF | NEWSLETTER
saoumpu@saou.co.za
012 436 0900
www.saou.co.za
Reg No: LR2/6/2/531

01/2026 2026/01/19

## 2026 – WELKOM TERUG

Na 'n welverdiende rusperiode verwelkom die SAOU (Mpumalanga) ons lede met waardering en nuwe moed terug, gereed om met hernieude fokus en energie die jaar aan te pak. Die nuwe skooljaar bring vars geleenthede, uitdagings en hoop, en ons glo dat elke onderwyser 'n sleutelrol speel om weer stabiliteit, doelgerigtheid en inspirasie in ons skole te vestig. Mag hierdie jaar gekenmerk word deur samewerking, professionele groei en 'n gedeelde verbintenis tot gehalte-onderwys.

Die SAOU bring ook sy opregte gelukwense aan die **Matriekklas van 2025**. Hierdie prestasie is die resultaat van volgehoue harde werk, deursettingsvermoë en samewerking tussen alle rolspelers — die leerders wat toegewyd gebly het, die onderwysers wat met passie onderrig het, die nie-onderwyspersoneel wat onmisbare ondersteuning gelewer het, en die skoolbestuur wat leiding en stabiliteit gebied het. Elke bydrae het 'n betekenisvolle rol gespeel in hierdie sukses.

Aan ons lede spreek ons 'n opregte woord van dank uit vir julle onwrikbare toewyding, professionaliteit en harde werk. Julle inspireer leerders daagliks, tree as rolmodelle op en dra aktief by tot die versterking en verbetering van die onderwysstelsel in Suid-Afrika.

Die SAOU (Mpumalanga) bly trots om julle te ondersteun en saam met julle te werk terwyl ons voortgaan om onderwys te beskerm, te bevorder en volhoubaar te versterk.

## 2026 – WELCOME BACK

After a well-deserved break, the SAOU (Mpumalanga) warmly welcomes our members back with renewed appreciation and encouragement as we prepare for the year ahead. The new school year brings fresh opportunities, new challenges, and shared responsibility, and we are confident that all role players will once again bring focus, stability, and inspiration into our schools. May this year be marked by collaboration, professional growth, and a continued commitment to quality education.

The SAOU extends its sincere congratulations to the **Class of 2025**. This achievement is the result of collective effort and dedication by all role players — the learners who remained committed to their goals, the teaching staff who guided and inspired with passion, the non-teaching staff who provided essential support, and the school management teams who offered leadership and direction. Each contribution played a vital role in the success of the results.

We thank our members for their unwavering dedication, professionalism, and hard work. Through your daily efforts, you inspire learners, uphold excellence, and actively contribute to strengthening and improving the education system in South Africa.

The SAOU (Mpumalanga) remains proud to stand with you and committed to supporting, empowering, and advocating for you as we continue to build a strong and sustainable future for education.

## SAOU STERFTEVOORDEEL - CONTINUUM

Om 'n SAOU-lid te wees, bied vir jou 'n sterftevoordeel, Continuum, wat 'n **kontantvoordeel van R20 000** is wat deur die SAOU aan die lid se benoemde begunstigde of, in die afwesigheid van sodanige aanwysing, die lid se boedel betaal word.

Hiermee hoop ons om voort te bou op die nalatenskap wat jy eendag sal agterlaat.

**Alle SAOU-lede kwalifiseer outomaties vir hierdie voordeel, mits hulle:**

- Jonger as 65 jaar is.
- Nie agterstallig is met die betaling van hul SAOU-lidmaatskapfooie op die datum van afsterwe nie.
- Nuwe lede is geregtig op hierdie voordeel 90 dae vanaf die datum waarop hul eerste lidmaatskapfooi deur die SAOU ontvang word.

## SAOU DEATH BENEFIT - CONTINUUM

Being a SAOU member provides you with a death benefit, Continuum, which is a **cash benefit of R20,000** provided by the SAOU to the member's named beneficiary or, in the absence of such designation, the member's estate.

Hereby, we hope to build on the legacy you will leave behind one day.

**All SAOU members automatically qualify for this benefit provided they:**

- Are younger than 65 years.
- Are not in arrears with payment of their SAOU membership fees at the date of death.
- New members are entitled to this benefit 90 days from the date on which their first membership fee is received by the SAOU.

- Nie meer 'n student is nie.

*Geen mediese ondersoeke word vereis nie.

Volg die skakel om meer te lees: https://www.saou.co.za/af/continuum

- Is no longer a student educator.

*No medical examinations are required.

Follow the link to read more: https://www.saou.co.za/continuum

## KWARTAAL 1 OPLEIDING 2026| TERM 1 TRAINING 2026
## REGISTREER NOU | REGISTER NOW

| DATUM \| DATE | GELEENTHEID \| EVENT | VENUE | REGISTRASIESKAKEL \| REGISTRATION LINK |
|---|---|---|---|
| 19-02-2026 | Studente en Beginneropvoeders \| *Students en Novice Teachers* | Secunda | https://tinyurl.com/ynbs6fd6 |
| 24-02-2026<br>25-02-2026<br>26-02-2026 | SAOU Werkplekverteenwoordigers\| *Workplace Representatives* | Middelburg<br>Secunda<br>Nelspruit | https://tinyurl.com/3r26m5c3 |
| 20-03-2026 - 21-03-2026 | LSOB Simposium \| *LSEN Simposium*<br>** aangebied deur SAOU Professionele Dienste* | AROS, Pretoria | https://tinyurl.com/ms46d8wk |

## VERANDERING IN LIDMAATSKAP

Indien u aanstelling verander het, versoek ons graag dat u ons daarvan in kennis sal stel. Hierdie verandering in u aanstelling sluit in:

- Beheerliggaam na Departementele werknemer;
- Departementele na Beheerliggaam werknemer;
- Studente in poste as volwaardige gekwalifiseerde opvoeders by skole aangestel; of
- Bevorderingsposte

Neem asseblief kennis dat indien **PSCBC (Agency Fee)** op u salarisstrokie verskyn, dit **nie SAOU-ledegeld verteenwoordig nie**.

Klik op die onderstaande skakel vir omskakeling na SAOU-lidmaatskap: https://www.saou.co.za/af/word-n-lid

## CHANGE IN MEMEBRSHIP

If your appointment has changed, we would like to request that you notify us. These changes to your appointment include:

- Governing body employee to Departmental employee;
- Departmental employee to Governing body employee;
- Students appointed as fully qualified educators in posts at schools; or
- Promotional posts

Please take note that if **PSCBC (Agency Fee)** appears on your payslip, it **does not represent SAOU membership fees**.

Click on the link below to convert to SAOU membership: https://www.saou.co.za/become-a-member

## NUWE AANSTELLING? HOU ONS OP DATUM!

SAOU Gauteng versoek vriendelik dat u ons kantoor in kennis stel indien u **aanstelling of lidmaatskapstatus verander**.

Dit sluit byvoorbeeld in:
• Verandering van 'n SBL-aanstelling na 'n Departementele pos
• Studente wat kwalifiseer en voltyds begin werk

Kontak ons gerus by **saougau@saou.co.za**, of werk u besonderhede direk by deur die volgende skakel te voltooi: https://www.saou.co.za/af/word-n-lid

## NEW APPOINTMENT? LET US KNOW!

SAOU Gauteng kindly requests that you inform our office if your **employment or membership status changes**.

This includes, for example:
• A change from an SGB appointment to a Departmental position
• Students who have qualified and entered full-time employment

Please contact us at **saougau@saou.co.za**, or update your details by completing the form below: https://www.saou.co.za/become-a-member

## KLAAR GESTUDEER? WELKOM BY DIE SAOU!

Het jy onlangs as onderwyser gekwalifiseer? Baie geluk!

Nou is dit tyd om jou SAOU-lidmaatskap op te dateer en **ten volle voordeel te trek uit alles wat die SAOU bied**, insluitend:

## GRADUATED? WELCOME TO THE SAOU!

Have you recently qualified as an educator? Congratulations!

Now is the perfect time to update your SAOU membership and enjoy **full access to member benefits**, including:

- Toegang tot **SAOU Aanlyn**
- **Continuum** – die SAOU se sterftevoordeel
- Ons **lid-eksklusiewe toep**
- Professionele ondersteuning en advies

Maak seker jou besonderhede is op datum, sodat jy hierdie *lid-eksklusiewe* voordele kan benut:
https://www.saou.co.za/af/word-n-lid

- **SAOU Online**
- **Continuum –** the SAOU's death benefit
- Our **member-exclusive app**
- Professional support and guidance

Be sure to update your details here, so you can enjoy these *member-only* benefits:
https://www.saou.co.za/become-a-member

## SAOU KOMMUNIKASIE KRY 'N OPGRADERING

Die SAOU se nuwe selfoontoep is hier en dit word voortaan die primêre kommunikasieplatform vir lid-eksklusiewe inhoud. Die toep bied aan SAOU-lede vinniger, eenvoudiger en meer gerieflike toegang tot nuus, opdaterings en SAOU-inligting – alles op één sentrale plek op jou selfoon.

Hierdie nuwe platform verseker dat lede inligting direk en op 'n wyse ontvang wat hul daaglikse werk ondersteun. Dit is moderne kommunikasie wat aanpas, meer toeganklik is en saam met ons ledegemeenskap ontwikkel.
WhatsApp sal steeds gebruik word vir kort, tydsensitiewe kennisgewings en provinsie- spesifieke kommunikasie.

**Registrasieproses**
Ons toep word aangebied deur die d6 Communicator-platform en lede sal oor die volgende paar weke "onboard" gaan. Sodra jou besonderhede op die stelsel gelaai is, ontvang jy 'n e-posuitnodiging van noreply@d6.co.za met 'n skakel om die SAOU-toep af te laai.

**Indien jy reeds die d6 Communicator-toep gebruik, volg asseblief hierdie stappe:**
- Navigeer na 'Manage Communities'
- Gebruik die soekfunksie en tik 'SAOU' in
- Kies SAOU — jy sal outomaties toegang kry tot jou provinsiale groep

Indien jy hulp benodig, stuur 'n e-pos aan saouapp@saou.co.za.

**Belangrik:** Jy sal slegs kan registreer met die selfoonnommer en/of e-posadres wat jy oorspronklik aan die SAOU voorsien het toe jy aangesluit het. Indien hierdie besonderhede intussen verander het, moet dit eers opgedateer word voordat jy op die toep kan registreer:
www.saou.co.za/change-membership-detail

**Hou jou e-pos dop vir die amptelike uitnodiging.**

**Waarom dit belangrik is**
Die SAOU is daartoe verbind om ons kommunikasie met lede te verbeter deur vinniger, meer toeganklike en beter georganiseerde kommunikasie moontlik te maak. Ons sien uit daarna om jou op hierdie nuwe platform te verwelkom.

**Let wel:** Die SAOU-toep is reeds aktief maar sal eers vanaf Januarie 2026 vir kommunikasie gebruik word. Volledige toegang vir lede sal begin sodra elke provinsie gelaai is, met die amptelike bekendstelling wat in Januarie 2026 plaasvind.

Hieronder is 'n voorbeeld van hoe die uitnodiging lyk sodat jy dit maklik kan herken wanneer dit jou e-pos bereik:

## SAOU COMMUNICATION IS GETTING AN UPGRADE

The SAOU's new mobile app has arrived and it will soon become the primary communication platform for member-exclusive content. The app offers SAOU members faster, simpler and more convenient access to news, updates and SAOU information – all in one central place on your phone.

This new platform ensures that members receive information directly and in a way that supports their day-to-day work. It is modern communication that adapts, improves accessibility and evolves alongside our member community.
WhatsApp will continue to be used for short, time-sensitive updates and province-specific communication.

**Registration process**
Our app is hosted by the d6 Communicator and you will be onboarded within the next few weeks. Once your details have been loaded onto the system, you will receive an email invitation from noreply@d6.co.za with a link to download the SAOU app.

**If you are already using the d6 Communicator app, follow these steps:**
- Navigate to 'Manage Communities'
- Use the search function to look for 'SAOU'
- Select SAOU — you will automatically gain access to your provincial group

If you need assistance, email saouapp@saou.co.za.


**Important:** You will only be able to register using the cell phone number and/or email address you originally provided when you joined the SAOU. If these details have changed, they must be updated before you can register on the app: www.saou.co.za/change-membership-detail

**Keep an eye on your email for the official invitation.**

**Why this matters**
The SAOU remains committed to improving how we communicate with our members by offering faster, more accessible and better-organised communication. We look forward to welcoming you to this new platform.


**Note:** The SAOU app is already active, but will only be used for communication from January 2026. Full access for members will begin as each province is onboarded, followed by the official launch in January 2026.

Below is an example of what the invitation email will look like, so you can easily recognise it when it arrives in your inbox:




Ons sien daarna uit om jou op die eksklusiewe platform te verwelkom.

’n Nuwe era van SAOU-kommunikasie begin nou en jy is deel daarvan.




We look forward to welcoming you to this new, exclusive platform.

A new era of SAOU communication starts now, and you are part of it.




Kostes | Costs
Lede | Members: R1 100.00
*Prys sluit aandete in, maar **verblyf is uitgesluit**.*

Nie-lede | Non-members: R2 000.00
*Price includes supper, but **excludes accommodation**.*

Registrasie | Registration
https://tinyurl.com/msrscprd

Registrasies open | Registrations open:
12 Januarie | January 2026

